



LESBEPLANNING

Volgens die PAM-dokument moet daar bewyse wees van beplanning.

Lesbeplanning word ontwerp deur die GDE, Distrikkantore, Mathew Goniwe en ander vorme van NGO's.

Onderwysers kan die beste formaat kies wat hy/sy in die klas wil gebruik.

Daar moet sinergie wees tussen die volgende bronne:

- 1) die lesbeplanning.
- 2) die Onderrigplanne (soos in NKV-Dokument).
- 3) die leerders se skrifte.

Op die ou einde sal die leerders se werksboeke dien as die bewyse van die werk wat in die klaskamer voltooi is.

In die Onderwyser'slêer moet daar ook bewyse wees dat die onderwyser die lesbeplanning gebruik as 'n werkende dokument.

Die volgende inligting moet ingesluit wees in die lesbeplanning:

Nota: Indien van die inligting nie duidelik beskikbaar is op die lesbeplanning wat jy dalk van jou distrik af ontvang het nie, moet jy dit byskryf, wat bewys dat jy interaksie het met wat jy ontvang het en wat werklik in jou klaskamer gebeur. (Omstandighede by skole verskil en vordering/voltooiing mag teen verskillende tempos wees.)

- a) Datums moet aangedui word volgens die datums op Onderrigplanne.
- b) Handboek/hulpbronne wat gebruik word, tema vir die twee weeklikse eenheid.
- c) Begin- en einddatums duidelik ingevul, sowel as daaglikse datums in linkerkolom.
- d) Vak en vlak van taal wat aangebied word: b.v. Afrikaans Huistaal.
- e) Voltooi inligting oor Hulpbronne, Inklusiwiteit, Nabetrugting, Huiswerk en Intervensie/uitgebreide geleentheid.
- f) Onderaan die bladsy kan die volgende uitgelig word: Vorme van assessering
- g) Assesseringinstrumente.
- h) Metodes van assessering.
- i) Huiswerk wat beplan word.
- j) Uitgebreide geleentheid en intervensie.
- k) Volgens die NKV-dok moet daar duidelik aangedui word watter van die vaardighede in die aanbevole tye (bl 12) voltooi word. Differensiasie van verskillende vaardighede moet duidelik uitgewys word. Vaardighede moet in die tweeweeklikse siklus voltooi word.



As deel van die teksgebaseerde benadering (bl 9), moet taalstrukture en konvensies daaglik ingesluit word in lesbeplanning. Dit sal nodig wees om addisionele taalwerk in te sluit want die handboek mag dalk nie voldoende wees nie.

Taalkonvensies kan rondgeskuif word gedurende die kwartaal om aan te pas by die tema van die spesifieke lesse. Al die aspekte moet uiteindelik aan die einde van die kwartaal voltooi wees om te verseker leerders sal 'n eksterne vraestel kan voltooi.

